

WAT MOET EK DOEN?

In Lukas 3 preek Johannes die Doper bekering deur die hele Jordaanstreek. Baie mense het gekom om na Johannes se preke te luister en deur hom gedoop te word. Hy sê onder andere dat die Jode goeie vrugte moet dra anders sal hulle uitgekap en in die vuur gegooi word. Geen wonder dat die mense wou weet wat hy met goeie vrugte bedoel nie. Daarom hulle vraag: "Wat moet ons dan doen?"

Johannes begin deur te sê ons almal moet help sorg dat die armes kos en klere het. Deur die Heilige Gees gelei, sê Johannes hier reeds wat Jesus in Matteus 25 sou sê: "want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir my klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek." Hoe duidelik word die goeie vrugte wat ons moet dra nie hier deur Johannes en die Here Jesus verkondig nie?

Toe kom daar ook tollenaars om gedoop te word en ook hulle vra wat hulle moet doen. Ek en jy sou hulle dalk, soos hulle mede volksgenote, uitskel en sê hulle sonde is so groot dat hulle nie goeie vrugte kan dra nie. Ook sê hulle moet hulle werk los en 'n "eerbare" beroep beoefen? Slegs in 'n nuwe werksomgewing sal hulle goeie vrugte kan dra. Maar niks hiervan deur Johannes nie, nee, hy sê die tollenaars moet hulle werk doen, maar dit doen soos die werkgewers dit voorskryf. Binne die reëls en wet hulle dagtaak verrig. So, nie meer gehate tollenaars nie, maar Christelike tollenaars! Hoe groot is die Here se genade nie!

Die laaste groep wat wil weet hoe hulle goeie vrugte moet dra, is die Romeinse soldate. Soos die tollenaars, ook gehate mense. Mense wat die Jode onderdruk. Ook vir hulle het Johannes goeie nuus: "Moet van niemand deur geweld of vals aanklag geld afpers nie, maar wees tevrede met julle betaling." Hou aan om soldaat te wees, maar wees voortaan 'n goeie soldaat. 'n Christelike, Romeinse soldaat!

En as ek nie doen wat Johannes sê nie? Dan het hy slegte nuus vir ons: Jesus sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak; die koring sal Hy in sy skuur bymekaarbring, maar die kaf met vuur verbrand. Dit is die kern van die evangelie: skuur toe of vuur toe. Lig of duisternis. Ewige lewe of verlore wêreld. Laat ons Jesus loof dat Hy besig is om vir ons plek te berei in sy skuur!

Jan Lubbe(Benoni)